



Die Lied van Salomo

Jaco Neveling


- 
- A painting of a garden path with a tree on the left and a body of water in the background. The tree has red fruit, possibly apples. The path leads towards a body of water with a bridge in the distance. The overall style is soft and painterly.
1. Plesier
 2. Kinders
 3. Eenheid
 4. Comfort
 5. Beskerming
 6. Om glorie aan God te gee

6 Redes vir Seks



Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees. En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie.

Gen 2:24-25



Sy: ² “Soen my, soen my weer en
weer! Jou liefkosings is beter as wyn.
³ jou parfuum ruik so lekker, jou naam
is suiwer parfuum: daarom het die
meisies jou so lief. ⁴ Vat my saam
met jou , kom ons hardloop!” Die
koning vat my toe na sy kamer toe.
“Kom ons juig, kom ons wees vrolik
oor jou! Kom ons prys jou
liefkosings, dit is beter as wyn! Ek
kan verstaan dat die meisies lief is vir
jou.”

Hooglied 1:2-4



Sy: ⁵ “Ek is bruin gebrand maar ek is mooi, vroue van Jerusalem. Ek is so bruin soos die tente van Kedar, soos die tentdoeke van Salomo. ⁶ Moet my nie so aankyk omdat ek donker is nie, omdat die son my gebrand het nie: my broers het my so bruin laat brand, hulle het my die wingerde laat oppas; ek kon my eie wingerd, myself, nie versorg nie.”


Hooglied 1:5-6



Sy: ⁷ “Sê vir my, jy wat ek liefhet,
waar laat jy jou kleinvee wy, waar laat
jy hulle rus op die middag? Hoekom
moet ek my agter ‘n sluier wegsteek
en by die veetroppe van jou vriende
rondsoek?”

Hy: ⁸ “As jy dit nie weet nie, mooiste
van al die vroue, loop maar net op die
kleinvee se spore en laat jou bokkies
wei by die veewagters se tente.”

Hooglied 1:7-8




Hy: ⁹ “Soos ‘n spogperd in die farao
se strydwa, so is jy vir my , my
liefling, met jou lieflike wange tussen
jou oorbelle, ¹⁰ jou nek met sy
kettingkies om. ¹¹ Ons sal vir jou
oorbelle van goud maak, met
silwerknpiies daarin.”

Hooglied 1:9-11




Sy: ¹² “So lank die koning op sy
rusbank gelê het, het my nardus
parfuum se geur versprei. ¹³ Die man
wat ek liefhet, is vir my ‘n sakkie mirre
wat tussen my borste lê. ¹⁴ Die man
wat ek liefhet, is vir my ‘n bos
hennablomme uit die wingerde van
En-Gedi.”

Hooglied 1:12-14

A painting of a garden scene with a body of water. On the left, there is a dense garden with green foliage and several red apples hanging from the branches. The garden is reflected in a calm body of water that occupies the right half of the image. The overall style is soft and painterly, with a focus on natural elements.

Hy: ¹⁵ “Jy is mooi, my liefeling, jy is
mooi, jou oë is duiwe.”

Hooglied 1:15

A painting of a garden scene. On the left, there is a tree with green leaves and several red apples. A path leads from the bottom left towards the center. In the background, there are more trees and a body of water. The overall style is soft and painterly.

Sy: ¹ “Ek is die affodil van Saron, ‘n
lelie van die laagtes!”


Hy: ² “Soos ‘n lelie tussen dorings, so
is my liefeling tussen die meisies.”

Hooglied 2:1-2



Sy: ³ “Soos ‘n appelboom tussen die wilde bome, so is die man wat ek liefhet, tussen die jongmans. Ek sit graag in sy skaduwee, sy vrugte is soet in my mond. ⁴ Hy vat my na ‘n feesplek toe; hy straal van liefde vir my. ⁵ Julle moet vir my rosyntjies gee om my sterk te maak, julle moet my met appels verfris, want die liefde verteer my.”

Hooglied 2:3-5



Sy: ⁶ “Sy linkerarm is onder my kop,
sy regterarm omhels my. ⁷ Vroue van
Jerusalem, ek smeek julle en ek roep
die ribbokke en die takbokke in die
veld tot getuie: moenie die liefde
wakker maak en aanvuur voor die tyd
daarvoor ryp is nie.

Hooglied 2:6-7